

SARS doen 'n beroep op skole om vir BTW-deregistrasie aansoek te doen

7 Augustus 2026 – Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) doen 'n beroep op skole wat ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet geregistreer is én as BTW-ondernemers geregistreer is, om vir BTW-deregistrasie aansoek te doen, na aanleiding van die wetswysiging ten opsigte van die BTW-hantering van skole wat op 1 Januarie 2026 in werking getree het.

Vanaf dié datum is alle lewerings deur skole van BTW vrygestel, behalwe in die mate waarin 'n skool kwalifiserende welsynsaktiwiteite verrig. Skole mag dus nie BTW hef of insetbelasting aftrek op lewerings wat vanaf 1 Januarie 2026 gemaak is nie en moet, waar nodig, enige BTW-opgawes regstel wat reeds vir tydperke vanaf dié datum ingedien is.

Geaffekteerde skole moet die VAT123e – *Application for the cancellation of registration*-vorm voltooi en die rede vir deregistrasie soos volg aandui: “All enterprise activities have ceased on 31 December 2025”. Die voltooië vorm moet per e-pos aan contactus@sars.gov.za gestuur word met die onderwerpreël: *VAT deregistration – Schools*. Skole kan alternatiewelik 'n virtuele afspraak deur die SARS eBooking-stelsel maak deur “Other” as die redekategorie en “VAT and PAYE registration/deregistration” as die rede vir die afspraak te kies.

Waar uittree-BTW betaalbaar is, kan skole 'n versoek om 'n betalingsreëling saam met die VAT123e-vorm indien. SARS sal die BTW-registrasie deregistreer sodra die uittree-BTW verklaar en betaal is, of nadat die skool voldoen het aan die betalingsreëling waarop met SARS ooreengekom is.

Skole wat ten opsigte van kwalifiserende welsynsaktiwiteite as BTW-ondernemers geregistreer wil bly, moet by wyse van 'n beslissing skriftelike bevestiging van die kommissaris verkry.

Verdere riglyne is op die SARS-webwerf beskikbaar in die:

- *VAT Reference Guide – Schools Exiting the VAT System*; en
- *Schools Exiting the VAT System: Frequently Asked Questions*.

Vir verdere inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE